## COPYRIGHT CLEARANCE COVER PAGE FOR COPIES MADE BY THE NORTH-WEST UNIVERSITY (NWU)

**This material has been copied for educational use. It is not for resale and must not be redistributed.**

---

## KOPIEREGKLARING-DEKBLAD VIR KOPIEË GEMAAK DEUR DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU)

**Hierdie materiaal is vir opvoedkundige gebruik gereproduseer. Dit mag nie herverkoop of verder versprei word nie.**

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

# HOOFSTUK 2

## BEGRIPSBEPALING

### I. DIE KERK

Voetius,die sewentiende eeuse Gereformeerde Kanonikus skryf in sy Politicae Ecclesiasticae. Tractatus I. De Ecclesia Instituta. Caput 1.1: dat die heilige regering van die kerk nie verstaan kan word sonder om te weet wat die subjek daarvan, dit is die kerk, is nie. Om te weet wat kerkreg en kerkregering is, moet mens dus eers weet wat die kerk is.

Die Roomskatolieke Willebald M. Plöchl (Geschichte des Kirchen=rechts) verklaar in ooreenstemming met Voetius se verdere gedagte=gang oor die kerk, dat dit "eine soziale ordnung eigener Art ist und einen eigenen Entwickklungsgang innerbalb den verschieden Menschlich Gesellschaft aufzuweisen hat." (p. 20). Hierdie uit=sprake onderstreep die noodsaaklikheid van ꞌn noukeurige bepaling van die begrip kerk.

Wie nie ꞌn duidelike beeld van die kerk het nie, raak verdwaal op allerlei sypaaie sodra hy met kerkreg en kerkregering te doen kry. "Jedes eigentümlichen Kirchliche Verfassungssystem wurtzelt schliesslich in einem eigentümlichen Kircken begriff". (Karl Rieker 1899: Grundsatze reformie ter Kirchenverfassung..." Leipzig, p. 60).

P.T. Forsyth 1917 (The Church and the Sacrements) benadruk dan ook die eie aard van die kerk teenoor diegenes wat daarvan ꞌn gewone klub of vereniging maak. Indien die kerk as ꞌn klub of vereniging beskou word is dit net soos enige ander klub ꞌn bloot vrywillige menslike vereniging wat gevorm is met die oog op die behartiging van die vooraf bepaalde doel of doelstellinge, na eie goeddunke. Die doelstellinge wat nagestreef word kan wees aanbidding, goed=heid, broederskap, humaniteit, medemenslikheid ens.

Hierdie kerkbegrip vorm die grondslag van die kollegiale kerkrege= ringstelsel. Die kerk as vereniging met sy eie doelstellings, wat hy volgens sy eie ontwerpte konstitusie probeer verwesenlik, is dan 'n collegium in die staat en wel 'n collegia licita.

Dieselfde kerkbegrip beheers die moderne teologie van die revolusie wat uitgaan van die gedagte dat in die kerk mense verenig is wat hulle ten doel gestel het om die verdrukkende strukture omver te werp vir ander waarin die menswaardigheid en geregtigheid kan floreer. Moltmann noem dit die Messiaanse gemeenskap op weg.

Hierdie kerkbegrip trek 'n streep deur die "sense of the vital and eternal differentia which marks off the church from every society" (Forsyth). Daar is 'n totale skeiding tussen die kerk en die wêreld en hierdie skeiding moet altyd in gedagte gehou word in die beoefening van die kerkreg en kerkregering (Vgl. Robert N. Casswell: The Theory and Practice of Calvinistic Church Discipline, p. 134 e.v.; verder: G.P.L. v.d. Linde: Die Grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel 1965, p. 18 e.v.).

1.1 Wat is die kerk?

Die principium Cognoscendi vir die kerkreg en daarom ook by die bepaling van die kerkbegrip is die Heilige Skrif en gevolglik ook die belydenis.

Wat leer die Heilige Skrif ons aangaande die Kerk?
Wat die Skrif daarvan sê lê reeds opgesluit in die naam Kerk wat af= gelei is van κυριακή: die eiendom van die Here. "Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide." (Ps. 100:3). Hy het self die kerk gemaak ons is syne deur Jesus Christus (vgl. 1 Petrus 2:9,10). Die kerk is nie uit die aarde nie maar maaksel van God uit die hemel (vgl. Tabernakel).

Wehrhahn Herbert 1956: Kirchenrecht und Kirchengewalt. J.B.C. Mohr (Paul Siebeck) Tübingen. sê van
Kerk: "Die entsehung und Leitung der Wesenskirche liegt

damit in einer Transzendenz, die jeder rationalen Aufweisbarkeit und Nachprüfung entzogen ist, die Geist, - und wesenskirche ist als Basileia Theou          Gefolgschafsgemeinschaft, Haupschaftsver= band unter Christus eine Gefolgschafts - und Herrschaftsgemeinschaft überrechtlicher, Art." p. 14.

Die kerk is 'n "geistigen Gemeinschaft." Dit beteken dit is 'n gemeenskap wat "aus dem Geist und in dem Geist wie für den Geist lebt" (p. 14).

Wat hierdie volk van God, sy eiendom, presies is volgens die Skrif word saamgevat deur die N.G.B. art. XXVII. Dit is 'n heilige "vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, ge= heilig en verseël deur die Heilige Gees."

Voetius beskryf die kerk as "'n vereniging van gelowiges wat vry= willig aangegaan is, ter onderlinge oefening van die gemeenskap van die heiliges of ter onderlinge mededeling van die dinge wat op die saligheid betrekking het (De Ecclesia Instituta)."

Hoe hierdie vergadering saamgestel word, word verklaar in Sondag XXI, H.K. "Die Seun van God vergader vir Hom 'n gemeente (Kerk) wat tot die ewige lewe uitverkies is deur sy Woord en Gees in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe."

Die roeping is die grondslag vir die vergadering - bymekaar maak - van God se volk, sy eiendom Matth. 4:19 e.v.; Rom. 8:28. Vandaar dat Jesus self in Matth. 16:18 praat van: My kerk wat Ek sal bou (mol ekklesian).          Die vergadering bestaan uit uitgeroeptes (ekkalein ........ vgl. 1 Kor. 1:2). Alhoewel die woord ekklesia selde gebruik word in die N.T. staan die saak altyd op die voorgrond.

Micheal Griffiths benadruk die roeping wat aan die bestaan van die kerk en dan ook aan die kerk as instituut ten grondslag lê, as hy dit stel dat die kerk (1) "(was) called out, it was a dilivrance;

(2) (was) called for a relationship with God, (and) (3) (was) called together to be a special people for Gods own posession." (God's forgetfull Pilgrims, p.15).

Ons kry die spoor van die "uitroep" (Ekkalein) reeds in die paradys. Die mens en sy vrou kruip weg; "en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE." Gen. 3:8). Hulle is ook daarin verteenwoordigers van die verlore mensheid, sonder God en sonder hoop in hierdie wêreld. Maar (en dit is die triomf van God se genade) "Toe roep die HERE God na die mens ..." (Gen. 3:9).

God roep die mens: Hy gaan na hom toe waar die mens vir Hom weg= kruip. Dit is genade op genade! Hy roep hom tot verantwoording met die doel om die gebroke gemeenskap te herstel en die herstel word in vooruitsig gestel in 3:15. In Gen. 4:26 kom dit verder na vore dat die vrug van die roeping deur God is 'n aanroeping van sy Naam. Die roeping van die mens deur God bewerk die ge= meenskap met Hom en met mekaar (vgl. ook 1 Joh. 1:5-7).

Dat hierdie roeping deur God tot sy gemeenskap 'n uitroep uit die verdorwe en verdoemde menslike geslag (die wêreld) is blyk weer uit Gen. 6. Noag en sy huis word uit die oordeel gered. Dieselfde gedagte kom na vore in Gen. 11 en 12. Abraham word geroep uit die mensheid, wie se verset teen God gestalte gevind het in die toring= bou van Babel. Die verbond word met hom en sy nageslag opgerig, waarin hy en sy nageslag as uitgeroeptes, verseker word van die gemeenskap met God en verplig word tot die belewing daarvan. Die uitgeroeptes is die verbondsgemeenskap.

So word Israel uitgeroep uit Egipte.

En hier met die uitroep uit Egipte,is soos reeds aan Abraham met die instelling van die besnydenis en met die offer op Moria, duidelik aangewys dat die roeping uit die verdoemde mensheid alleen die vrug is van die versoeningsbloed. Die bloed van die Paaslam uit= eindelik. Jesus Christus, open die ore vir die roepstem Ps. 40:7 en gee vrymoedigheid om daarop te reageer; om in die heiligdom in te gaan (Hebr. 10:19). Daar kan ook nog verwys word na die

16/...

bloed wat Moses oor die volk gesprinkel het toe die verbond by Sinaï hernu is (Ex. 24:8) en die Tabernakel wat die woonplek van God by sy volk was met die versoendeksel as troonsetel.

Die roeping (of uitroeping) gewortel in die versoeningsbloed van Jesus Christus, geskied voorts kragtens die uitverkiesing in Christus na die voorneme van God (Ef. 1:3, 4, Rom. 8:28).

Die vrug van die roeping is dat die gelowiges op 'n bepaalde plek (te Korinthe, te Rome ens.) byeengeroep en geinstitueer is as kerk onder leiding van die ampte (vgl. Hand. 6:20 ens.). Op hierdie feit dat die kerk volgens die Heilige Skrif 'n aanwysbare vergadering van die gelowiges op 'n bepaalde plek, tot die diens van die Woord en sakramente en die tug is, word deur Luther en Calvyn baie nadruk gelê. Die Heilige Gees gebruik die uitwendige getuienis aangaande Christus in die Skrif, prediking, sakramente, en onderlinge bemoediging en vermaning as middele om die gelowiges te vergader, te versorg en te beskerm. Die saamroeping van die gelowiges het dus noodwendig as resultaat die organisasie van die wat bymekaar geroep is. Voetius sê dan ook die kerk as instituut het as verwyderde oorsaak die verkiesing van God en as naaste oorsaak die sending.

Die uitgeroeptes vorm die kerk in die wêreld op 'n bepaalde plek. Anders gestel: op elke plek waar Christus dié wat God na sy voorneme wil roep en daadwerklik roep, word die kerk geïnstitueer. Die kerk, ook as instituut, is so van Goddelike oorsprong (Rom. 10:11-15). In die sin sê Luther tereg: daar waar die amp is, daar is die kerk. Dit klink na die bekende Roomse ubi papa Ubi ecclesia. Luther laat egter nie die wese van die kerk in die persoon van die ampsdraer opgaan soos die Roomse doen nie. Hy benader dit uit die oogpunt van die werk van Christus wat uit die menslike geslag vir Hom 'n kerk vergader deur sy Gees en Woord, terwyl Hy Hom bedien van mense wat die Woord verkondig (vgl. Ef. 4:11 e.v.).

Die verkondigde Woord keer nooit leeg terug nie ( vgl. 2 Kor. 2:14-16). Waar dit die geloof werk is dit noodsaaklik dat hulle wat glo organiseer met die oog op die bediening en aanhoor van die Woord sowel as die bediening en gebruik van die sakramente met

17/...

die gepaardgaande tug. "... Officia manent in ecclesia et Nunquam aferentus. Alias ecclesia Cessaret, quod est impossibile. (Die ampte bly in die kerk en sal nooit weggeneem word nie, anders sal die kerk ophou om te bestaan en dit is onmoontlik. Luther). Die feit dat Christus dus sy kerk deur sy Heilige Gees en Woord vergader om hulle te onderhou, te beskerm en te bewaar, hou nood=wendig in dat die kerk geïnstitueer moet word as 'n instituut tot die bediening van die Woord, sakramente en tug (vgl. H. Bouwman Geref. Kerkrecht I p.1. Lees ook: Calvyn: Institusie IV 1 tot 3. Prof. B. Spoelstra, Calvyn en die grense van die kerk in In die Skriflig, Maart 1978, Jaargang 12 no. 45).

Die kerk as vergadering van gelowiges is dus uiteraard altyd plaas=lik gebonde. Elke kerk op elke plek word deur Christus saamge=roep en georganiseer deur sy Gees en Woord wat werk deur die diens van sy geroepe diensknegte. En elke kerk op elke plek is selfstan=dig, maar nie onafhanklik van die ander nie. Die selfstandige plaaslike kerke moet hulle laat leer deur hulle Hoof: die Christus, en hulle aan Hom onderwerp. Die plaaslike kerke as soveel komplete openbaringe van die een liggaam van Christus: die universele kerk, is daarom vanself ook organisatories op mekaar aangewys (vgl. Handelinge 15 en verder die rol wat veral die apostel Paulus ge=speel het om die band tussen die kerke stewig te hou). Die instel=ling van meerdere vergaderings, waardeur die kerke mekaar bystaan as selfstandige openbaringe van die liggaam van Christus, is dus noodsaaklik kragtens die wese van die kerk (vgl. A. le R. du Plooy: Ekklesia en meerdere vergaderinge. Meer aandag sal aan hierdie aspek gegee word in die tweede kursus).

Die kerk is nie net die vergadering van die gelowiges; 'n instituut tot die diens van die Woord, sakramente en tug tot opbouing van die liggaam van Christus nie. Die kerk moet ook wees tot lof van die heerlikheid van God (vgl. Ef. 1:6).

Vanaf Ef. 1:3 beluister ons 'n loflied op die genade van God soos dit gestalte kry in die kerk. God wat die Vader van onse Here Jesus Christus is, is prysenswaardig ( ευλογητος ο θεος = Die

prysenswaardige .... ) in sy goddelike heerlikheid maar veral ook as die genadige God: die Vader van ons Here Jesus Christus deur Wie Hy ons sy eiendom gemaak het. Vers 4 καθως = soos of ooreenkomstig die feit dat ... of omdat Hy ons in Hom uit= verkies het ...
Hy het aan ons die geestelike, dus ewige, seëninge in die hemele in Christus geskenk soos dit blyk uit die verkiesing ens. Die kerk is verder 'n sout vir die aarde en 'n lig in die wêreld (Mt. 5:13). Die kerk as uitgeroeptes en so die sigbare vergestalting van die nuwe mensheid burgers van die koninkryk van die hemele wat naby gekom het, moet as sout en lig heen wys na die koninkryk in sy vol= komenheid.

Die kerk is in sy bestaan self 'n prediking: die koninkryk van die hemele het naby gekom (vgl. Matth. 3:2). Die nabyheid van die koninkryk is juis daarin geleë dat daar 'n kerk is. Die konin= kryk is so naby dat die Koning reeds gekom het en reeds onderdane byeengeroep het wat hulle reeds in die wêreld, waar die teenkoning Satan nog heers, onderwerp aan Christus se regering. In die kerk dring die werklikheid van die komende koninkryk met krag na vore (vgl. o.a. Matth. 3-7). Vanaf Matth. 8 word eers benadruk dat Christus self die koninkryk laat kom; die versoening lê ten grond= slag aan die burgerskap (8:1-4); wie daar ingaan kan alleen deur die geloof ingaan (8:5-13) om Hom te dien (8:14-17) terwyl die burgerskap van die koninkryk 'n stryd teen Satan en die wêreld ont= keten (4 en 8:20-22 en 1 Petr. 1:1). Satan werp alles in die stryd, selfs die natuurkragte en duiwels, teen die burgers van die konin= kryk, wat as kerk vergader is (8:18-34). Die oorwinning in die stryd is egter seker (Matth. 9:1-8 en vers 18-34).

Vanaf hoofstuk 10 word die verskillende fasette van die versorging, stryd en bewaring van die burgers van die koninkryk, nou nog ver= gader as kerk, tot aan die voleinding na vore gebring.

Die kerk is dan tegelyk die vergestalting van die koninkryk van die hemele in soverre dit reeds op aarde gekom het en 'n vooruit= gryping op en heenwysing na, hoewel gebrekkig, wat sal wees: die volk van God, weer ten volle gewillig om met vreugde hulle aan sy heerskappy te onderwerp, vergader op die nuwe aarde.

19/...

Aan die kerk is ook 'n taak met betrekking tot die koms van die konin=kryk gegee. Die sleutels van die hemelryk is daaaraan gegee (Matth. 16:19; Joh. 20:23 en H.K. Sondag XXXI). Die kerk is so produk en produsent waar dit die instrument word om die roeping te laat uitgaan (vgl. Matth. 28:19 en Rom. 10:13-15).

Sien ons die kerk nou in die lig van die prediking dat die koninkryk van die hemele naby is, dring die oorheersende gestalte van Christus as Hoof en Koning wat regeer, al sterker op die voorgrond. Die Koning het na sy volk gekom en roep hulle saam rondom Hom tot ge=hoorsaamheid aan Hom. Daarmee saam dring die besef dat wanneer van die kerk gepraat word dit nooit van die Hoof en Koning wat die reg vir die kerk bepaal en handhaaf, geskei kan word nie. In die sin is die kerk dié regsgemeenskap. Die kerkreg hoort by die wese van die kerk. Waar die Koning is, is onderdane; waar 'n hoof is, is 'n liggaam. En 'n Koning gebied terwyl die hoof bevele - dwingend - na elke lid uitstuur. Sonder koning kan daar geen burgers wees wat gehoorsaam nie. Sonder 'n hoof wat die lede beheers kan daar nie 'n liggaam wees nie. So kan daar geen kerk sonder kerkreg wees nie. (Lees hierby Tj. v.d. Walt, Die Konin=kryk van God - Naby!; G.P.L. v.d. Linde: Die verhouding tussen die Kerk en die Koninkryk van die hemele. P U vir C H O; en Die Koninkryk van God en die Kerkreg: In Die Koninkryk van God, P.U. vir C.H.O.; G. P.L. v.d. Linde: Die Koördinasie van die Ampte.. In In die Skriflig, Des. 78; Prof. W.J. Snyman: Ou en Nuwe Dinge...). Oor die onderwerp is daar baie geskryf en u moet soveel moontlik lees. Kyk vir literatuur by bogenoemde werke).

Ook van die kritiese teoloë uit verskillende skole kan gesê word dat ten spyte van alle afwykende gedagtes oor die kerk en koninkryk daar by hulle tog 'n konsensus is oor die feit dat die N.T. ons die kerk laat sien as die vergadering van die gelowiges wat georganiseer is om alles te leer en te onderhou wat Christus beveel het en om 'n sout vir die aarde en 'n lig vir die wêreld te wees (vgl. Hans Küng: The Church; Albert Schweitzer: Reich Gottes und Christen=tum, Tübingen 1967. Rudolf Bultmann : Theologie des Neuen Testa=ments. Tubingen 1953; Johannes Weiss: Die Predigt' Jesu von

Reiche Gottes. Göttingen 1892; R. Schnakenburg: God's Rule and Kingdom e.a.).

## 2. REG

Die beeld wat die Heilige Skrif aangaande die kerk as nuwe mensheid aan ons voorteken bring vanself die vraag na die Reg op die voorgrond. In die kerk het die koninkryk van die hemele naby gekom en daarmee het die reg in beginsel weer intrek onder die mense op aarde geneem.

Vir die nuutste ontwikkeling op die gebied van die sg."Rechts-theo= logie" in Duitsland vgl. Ralf Dreier (1980) "Entwicklungen und Probleme der Rechtstheologie" in Zeitschrift für evangelisches Kirchenrecht. 25. Band. 1. Heft. März 1980.

### 2.1 Grepe uit verskillende regsbeskouinge

Volgens Johannes Neumann (1978) is die reg niks anders as 'n instrument tot beveiliging en beskerming van die mens nie. Een van die vernaamste funksies van die reg is om "den Mensch in seiner personalen Würde" veilig te stel en te beskerm.

Kragtens hierdie funksie staan die reg tussen die staat as een party en die persoon as ander en voorts staan dit tussen mens en mens tot beskerming van die individu. Die reg is dus nie 'n in= strument van heersers nie - inteendeel, dit is juis daar om die heersers te bedwing; vandaar ook die soewereiniteit van die reg - dit dien wel die vredevolle samelewing van mense daarin dat dit die reg van die individu of enkeling verseker. "Est is gerade nicht Herrschaftsinstrument, sondern dient dem friedlichen zusammen leben der Menschen dadurch, dasz es die Rechte des einzelnen sichert.

Wie die reg as Herrschafts-instrument sien verlaag,dit want in so 'n geval sou dit dan daarop neerkom dat alles geoorloof is wat "wettig" is. Die gevolg is willekeurige heerskappy deur funksionarisse wat self nie gebind is deur die Reg nie.

Die gedagterigting veronderstel dat die (wet=reg) en dat die bevoegde

21/...

regsvormer ook die bepaler is van wat reg is. In so 'n geval is dit vanselfsprekend dat die reg as instrument van die heerser ge=vaarlik is! Vgl. Bedentung und Begrenzung des Rechts bei Thomas von Aguino <u>in</u> Zeitschrift für Evangelische Kirchenrecht. 23 Band 1. Heft Juli 1978, p.8).

Neumann se opvatting dat die reg instrument tot beskerming van die individu is kan in sekere sin aansluit by die gedagtegang wat in die kringe van die Wysbegeerte van die Wetsidee gehuldig word nl. dat die reg die harmonisering is van 'n menigvuldigheid van belange. Die reg sorg dat die een belang die ander nie verdring of oorheers nie.

Om die belange te harmoniseer is die reg in sy werking vergeldend. Waar 'n ander se belange verdring of oorheers word, geskied onreg en kan die "ewewig" alleen herstel word deur vergelding.

Wilhelm von Auxere verklaar dan verder die reg uit die mens. Reg is dit wat die mens as natuurlik-noodwendige gedragsreël vas=stel. Dit is natuurreg, en dit is die Reg van die verstand. Enige voorskrif of gedragsreël wat teen die rede is is onreg (vgl. Neumann 1970).

Uit bostaande is dit reeds duidelik dat die reg gesien word as 'n gedragsreëling in alle menslike samelewing. Dit is ook verder duidelik dat hierdie opvattinge oor die gedragsreëling Sohm (1892) gelyk gee wanneer hy beweer dat die reg met die wese van die kerk in teëspraak is omdat die reg wêrelds <u>uit die mens is</u>. (Vgl. Rudolph Sohm: Kirchenrecht eister Band - Leipzig).
Met hierdie opvattinge is ons eintlik weer terug by die Sofiste, wat alreeds geleer het dat die mens self bepaal wat reg is - eintlik by die oerleuen van Satan in die paradys! Luther sou toe hy in 1520 die Corpus uiris Canonici saam met die pouslike bul verbrand het, van die reg, insluitende die kerkreg, afskeid geneem het. F.L. Rutgers (1894) wys egter die bewering met beslist=heid af en toon aan dat Luther alleen van die <u>valse kerkreg</u> en nie van die <u>Kerkreg</u> afskeid geneem het nie (Het Kerkrecht in zoover het De Kerk met Het Recht in Verband Brengt. Amsterdam).

2.2 <u>Regsbegrip uit die Skrif te bepaal</u>

As Sohm gelyk sou hê beteken dit dat die reg louter vrug van die sonde is - of liewer bedenksel is van die sondige en daarom ver= duisterde verstand van die mens. In die geval het mens egter die openbaring van God teen jou. God maak Homself bekend as die God van die reg. "Ek is die HERE wat geregtigheid spreek, wat regte dinge verkondig"(Jes. 45:19), "staan op, HERE, in U toorn, verhef U teen die grimmigheid van my teëstanders en antwoord vir my, U wat die reg beveel het"(Ps. 7:7). Voorts is die <u>Evangelie</u> juis dat Hy in Jesus Christus die <u>reg</u> herstel (vgl. Rom. 1:17) en "ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon"(II Petr. 3:13).

Die reg is gewortel in die verbond - in die verhouding tussen God en die mens (Gen. 17), soos dit ook tot uitdrukking kom in die sentrale prediking "Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matth. 3:3).

Juis die feit dat die reg gewortel is in die Verbond wat sy ver= vulling in die koninkryk van die hemele vind en daarom ten slotte gewortel is in die verhouding tussen God en die mens, gryp dit terug na die paradys voor die sondeval en is dit een van die grond= slae waarop die mensheidslewe rus. Daarom is die reg nie alleen van wesenlike belang met die oog op die herskepping nie, maar ook bepalend vir die bestaan en voortbestaan van die mensheid voor die wederkoms van Christus.

Die wêreld - d.i. die ongelowige mensheid - is terdeë bewus van hierdie grondliggende betekenis van die reg. Nie omdat hulle hul laat lei deur die openbaring van God nie; maar omdat hulle skepsels is en omdat God die regsbesef en die bewuste lewe van die mens ingeskape het (vgl. Romeine 1:1 e.v. en H. Bouwman I, p.8). Hierdie regsbesef is verduister deur die sonde en die mense het ook in die opsig dwaas geword in hulle oorlegginge (Romeine 1:21). Johannes Voet (kleinseun van die kerkregtelike meester G. Voetius) sê dat die oorspronklike opregtheid en moraal met die sondeval verdwyn het. "Yet strength of mind and sense of virtue were not so utterly distinguished in mankind that no few sparks remained

23/...

of the principles of justice and honour ..." Die regsbesef is by elkeen aangebore (vgl. Johannes Voet: Commentry on the Pandects. Book I, Title I Right and Justice. Vertaal deur Percival Gane.)

Vandaar die blinde en dwase hartstog waarmee 'n kruistog vir die reg gevoer word - veral vandag deur 'n mensheid wat wel besef dat reg die grondslag van die lewe is, maar tegelyk sonder God na die reg soek en daarom alhoemeer in die onreg verstrik raak.

Die feit dat die hele wêreld meetrek op die kruistog vir reg, maak ons verweer teen die aanslag op die kerk en volk in S.A., so moei=lik. Die inisiatief is by die aanvallers: hulle stry immers vir die reg. Die ou strukture, waardeur die swartes onderdruk word en geheel en al op onreg gebou is, moet vervang word deur nuwe strukture, waarin die swartman nie alleen deel sal kry nie maar die leiding moet neem, waardeur die reg sal gedy. Wie dus teen hierdie poging tot vernuwing stry, stry teen die reg! En dit wil niemand willens en wetens doen nie. Gevolglik is daar enersyds die besef dat alles met die kruistog nie so pluis is soos dit voorgestel word nie, maar andersyds word alhoemeer half=hartig teen die aanslag stelling ingeneem uit vrees dat eintlik teen die reg gestry word. In plaas van 'n kragtige verweer teen die antikristendom, die magte van die wetteloosheid, bou daar by sovele alhoemeer 'n skuldgevoel t.o.v. werklike en sogenaamde be=drewe onreg op. En die antwoord op die vraag of dit 'n ware of valse skuldgevoel is hang in die lug tensy ons weer tot die wese van die begrip reg deurdring. Die wese daarvan moet in die openbaring van God, en nie in die mens gesoek word nie.

Die uitgangspunt in die soeke na die wese van die reg lê dan ooreenkomstig die Skrif in die verhouding Skepper - skepsel en nog nader bepaal in die herskepping met die verbondsverhouding soos beseël in die bloed van Jesus Christus, as resultaat. "(Kirchen) recht findet sein Fundament im Anspruch Gottes auf den Menschen" (Dombois: Das Recht der Gnade). Eers wanneer 'n mens die regsbegrip in hierdie lig, die enigste lig (v.d. Skrif), sien kan 'n begrip gevorm word vir die onoplosbaarheid van die regspro=blematiek deur mense uit die mense in hierdie wêreld. Immers:

24/...

"Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie"(Rom. 3:10). Die natuurlike mens, die verlore of onwedergebore mens kan nooit die ware reg vind of die geregtigheid beoefen nie. Die reg kan alleen gevind word in die sfeer van die herskepping; waar die mens met God versoen is in Jesus Christus. En tog, hoewel die ver=soende, wedergebore mens weet wat reg is, kan selfs hy dit nog nie in hierdie bedeling in alle dele volbring nie. Hy besit dan wel die beginsel van die geregtigheid (vgl. H.K. S. XXII, antw.58), maar die oue mens is nog magtig: vandaar "as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is" (Rom. 7:22, 23).

Die wêreld,waarby die meeste kerke aansluit,skreeu vandag na reg en probeer die reg soos hulle dit sien gestalte gee in wette of soos dit ook genoem word, handveste, waarin o.a. menseregte vas=gelê word. Die V.V.O. in alliansie met die W.R.K. jaag na 'n aarde waar geregtigheid sal woon. Hulle beloof die vrede gegrond op reg aan die nasies op voorwaarde dat die wet wat hulle neerge=lê het stip nagekom word.

In hierdie gejaag na reg gaan die wêreld, in die verworde sondige denke, wat geen eenstemmigheid oor wat reg is kan vind nie, uit van die gepositiveerde reg soos dit in die wette beliggaam is wat die"populêre" denkrigting op regsgebied die beste weergee. Die vraag na die reg word dan 'n vraag na die wet, sy dit dan 'n uni=versele wet, en dan word die reg onder die sg. "rule of law" ten slotte bepaal deur die subjektiewe verklaring van die wet deur die hoogste geregshof of hoofregter. Terwyl geroem word in die "rule of law" word die onreg bedryf omdat in die "rule" nie God bepaal wat goed en kwaad is nie, maar die aardse wetgewer en die regter wat die wet uitlê, wat soos God geword het.

Die Heilige Gees stel egter teenoor hierdie beloftes dat alleen Christus, as Hy weer kom, geregtigheid op 'n nuwe aarde sal laat woon (vgl. 2 Petr. 3:12, 13). Voor sy koms sal die ongeregtig=heid al hoe meer gedy. Eers bedwing God die wetteloosheid, maar as die tyd vol is, word "hy wat nou teë hou, uit die weg geruim" (1 Thes. 2:7).

Dan kom die ongeregtigheid in chaos tot volheid met al die ellende
daaraan verbonde (vgl. Matth. 24:9-35). Dit is ook die tyd waarin
die draak, dit is die ou slang wat die duiwel en die Satan is,
losgelaat word vir 'n kort tydjie om die nasies te verlei (vgl.
Openb. 20:7-10; met Matth. 24:22). Die gelowiges word dan met
die oog op die koms van Christus en die ontwikkeling van die mens=
heidslewe gewaarsku "Laat niemand julle op enige manier mislei nie,
want eers moet die afval kom en die mens van sonde (die wettelose:
ὁ ἄνθρωπος τῆς ἀνομίας )geopenbaar word, die seun
van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem
word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van
God sal sit en voorgee dat hy God is." (vgl. ook Openb. 13:11-18).
Maar terwyl die wêreld tevergeefs jaag na die reg (vgl. o.a. Rom.
21; 3:10 ens.) word die kennis van die reg ook in die verbondskring
alhoemeer verdring om uiteindelik die wettelose (die antikris) aan
die bewind te bring. Sykoms en optrede word reeds voorberei, te=
wens onder die voorwendsel dat die reg nagejaag word, word die
onreg vanuit die wêreld die verbondskring (die kerk) ingedra deur
die valse profeet, selfs met die hulp van (tydelik) verblinde ware
kinders van God. So sal die wedloop om die reg (soos die wêreld
dit sien: uit die mens en tot die mens) uitloop op die verskrik=
like chaos van die eindtye. Die mense glo die leuen alhoemeer.
God het hulle oorgegee om dit te glo omdat hulle 'n behae in die
ongeregtigheid het (vgl. 2 Thess. 2:8 en volgende).

Dit is die werklikheid wat altyd as agtergrond moet dien by die
gelowige besinning oor die reg en geregtigheidsprobleem in hierdie
tyd, voor die wederkoms van onse Here.

Die begin van hierdie werklikheid is in die paradys. Reeds is vas=
gestel dat reg gewortel is in die verhouding tussen die Skepper en
skepsel nader bepaal tussen God en die mens (die kroon van die
skepsels). Die verhouding is dié van Heerser (Here) teenoor
onderdaan. Die Here bepaal wat goed is; hoe die gedrag van die
onderdaan moet wees om Hom te behaag. Wat met sy wil en sy be=
paling nie ooreenkom nie is kwaad. Die refrein (vgl. Gen. 1)
"en dit was goed", is in hierdie verband veelseggend. Reg is dan
wat goed is in God se oog en geregtigheid die handelwyse of gedrag
wat ooreenkom met wat goed is.

Met die sondeval is 'n aanslag gemaak op die reg. Die leuen van Satan dat "God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken" (Gen. 3:5) is tegelyk 'n poging om God te onttroon, die mens op die troon te plaas en om die grondslag van die reg uit God se hand te ruk en in die mens se hand te plaas.

En dit is hierdie leuen: dat hyself op die troon sit en dat hyself bepaal wat reg is, wat die mensheid op die weg van die wetteloos=heid en chaos geplaas het en hom nog steeds op die weg begelei.

Reg rus dus in 'n gesagsverhouding en dan eerstens in die verhouding tussen God en mens en daarna tussen mens en mens in die lig van God se wil. Die reg vind dan 'n alomvattende vergestalting of positi=vering in die Groot gebod: Jy moet die Here jou God lief hê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (vgl. Mark. 12:30). En dat ons die reg weer sal ken en ons weer aan die wet sal onderwerp het Jesus Christus die Middelaar wat ons met God versoen, gekom.

Dit bring ons terug na ons uitgangspunt in die soeke na die wese van die reg nl. die verhouding tussen Skepper en skepsel wat egter versteur is deur die sondeval en herstel is deur Jesus Christus. Die wese van die reg lê dus vir ons in die herskepping wat die verbond, beseël in die bloed van Christus, op die voorgrond stel. Die verbond gryp terug na die verhouding in die paradys en vooruit na die verhouding op die nuwe aarde as die Koninkryk van die hemele op die aarde gekom het en God se Koningskap weer ten volle deur sy onderdane erken sal word en hulle hul volkome daaraan sal onderwerp.

Hoedat die reg gestalte kry in die verbond vind in die Skrif veral uitdrukking in die begrippe šědêk en šědakah (dikaîos en dikaiosunē). Vir die inoud van die begrippe word verwys na die onderstaande uiteensetting van prof. dr. J.C. Coetzee:

27/...

1.1 Ṣěděk en Ṣědakah (dikaîos, dikaiosunē) is primêr en onlosmaaklik: VERBONDSBEGRIPPE. Tereg sê F.J. Pop (1975, 61.2): "Israël kent niet een algemeen, universeel begrip van gerechtigheid; het kent alleen Gods gerechtigheid ... Gods gerechtigheid is in het Oude Testament derhalwe een actief begrip en te bepalen als: het geheel van zijn daden uit verleden, heden en toekomst, die Hij doet om Israël te geven, wat Hij het had toegezegd, toen Hij er een verbond mee sloot. Zijn gerechtigheid is de garantie van het verbond."

1.2 Daarom is "geregtigheid", "regverdig wees" in die Ou Testament primêr 'n eienskap en/of 'n handelswyse van Jahweh, die God van die verbond. "Handel volgens geregtigheid" of "regverdig wees" is daarom in die Ou Testament nie gelyk aan "almal eners of gelyk behandel" nie, maar veel eerder: "handel in ooreenstem=ming met die bepalinge van die verbond tussen God en sy volk".

1.3 Dus: in Bybelse sin kan primêr net oor "geregtigheid" gepraat word binne die verbondsverhouding van (a) God teenoor sy volk, en sy volk teenoor God; en (b) verbondskinders teenoor mede-verbondskinders, en teenoor almal wat deur God gebring word binne die kring van die verbond.

Met goeie reg merk die bekende Nuwe Testamentikus, prof. dr. E.P. Groenewald dan op: "Op allerlei lewensterreine word die woord aangewend sonder inagneming van sy werklike betekenis. Ons hoor van politieke, ekonomiese, sosiale en soms ook gods=dienstige geregitheid, om nou maar enkele van die bekende verbindings te noem. Gewoonlik word die eie opvatting aangedien as geregtigheid en dié van die teëstander afgemaak as "ongereg=tigheid" (Ons dien, Orgaan van die Christelike polisie- en gevangenisdiensvereniging van Suid-Afrika, Jrg 68, Febr 1969, bl 18)."

1.4 Wie daarom humanisties-georiënteerd na geregtigheid in die O.T. gaan kyk, sal dit soms as "hoogs oneties" meen te moet beoor=deel. "Geregtigheid" is Jahweh se trou om aan sy volk, as sý volk, dit te gee wat Hy aan hulle beloof het. Israël "kent

Jhvh en het kent zijn beloften en het ervaart zijn gerechtigheid in zijn opkomen voor zijn volk, bv. in de plagen in Egypte en de verdrijving der Kanaänieten uit hun land. Zulke dingen zijn, gemeten naar een algemeen begrip van rechtvaardigheid, hoogst onzedelijk in onze ogen. In het Oude Testament zijn ze juist rechtvaardig, omdat God ze aan zijn volk beloofd had" (Pop, 1957, 62).

## 2. Geregtigheid in mens-tot-God en mens-tot-mens-verhoudinge

Sĕdakah beteken daarom om binne die verbondsverhouding tussen God en sy volk, en tussen verbonds-mense onderling te handel "volgens die regte wyse van optrede"; met "fairness in behaviour," met "eerlikheid"; met "betroubaarheid" (So Koehler-Baumgartner, 1953, Lexicon in Veteris Testamenti libros 794-795).

Sêdêk dui binne die verbondsgemeenskap dan eenvoudig aan: "die regte ding," "die normale ding" wat 'n mens doen aan sy medemens as mede-deelgenoot aan die genade van Jahweh.

Binne die verbond word verhoudinge aldus genormaliseer: God tree weer op teenoor sondaars asof hulle sy eie kinders is soos voor die sondeval; mense tree weer teenoor God op as mense wat in volmaakte harmonie, normaal (!) met God kan en mag verkeer; mense tree teen= oor medemense op op "normale wyse," só asof verhoudinge nie deur die sonde versteur is nie.

Levitikus 19:32-36 skets die geregtigheidsverhoudinge binne die verbondsgemeenskap pragtig en ongelooflik prakties-konkreet: "Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die HERE" (- God se Verbonds= naam!) "En as 'n vreemdeling (selfs hý! - J.C.C.) by jou in julle land vertoef, mag julle hom nie verdruk nie. Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in Egipteland. Ek is die HERE julle God." (weer: Verbondsnaam).

"Julle mag geen onreg doen in die gereg, in lengtemaat, gewig of inhoudsmaat nie. Julle moet 'n regte weegskaal hê, regte weegstene, 'n regte efa en 'n regte hin. Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het."

Só skets Jes. 33:15, 16 die belewing van šědakah: "Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is nie te sien nie - hy sal op hoogtes woon, rotsvestings is sy burg ..."

3. Omdat "geregtigheid" beteken "om in die regte, die normale verhouding tot God en jou naaste te staan," kan ware geregtigheid alleen in Christus gerealiseer word!

"Normaal", "in die regte verhouding tot God" eis: lewe in ooreenstemming met Gods wet!

Daarom moes Jesus Christus vir ons "alle geregtigheid vervul" (Mt. 3:15). So alleen ontvang sondaars "geregtigheid" voor God. D.i. onskuldigverklaring (vgl. Rom. 3:21-24). Alleen in die soenbloed van Jesus Christus, Hy wie se lewe volmaak in gehoorsaamheid met die wet van God was, ontvang verwronge sondaars "geregtigheid," d.i. die normalisering van hul verhouding met God - én met hulle naaste!

Dit is dan ook die essensie van Bybelse geregtigheid: om binne die verbondsverhouding, herskep in Christus, weer NORMAAL te mag lewe, d.w.s in die REGTE verhouding tot God en tot die naaste. En dié NORMALE of REGTE verhouding skets juis Gods wet vir ons: "Jy moet die HERE, jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Mt. 22:37-39).

4. Saamgevat

4.1 "Geregtigheid" is in die Skrif 'n verbondsterm - en ons moet dit

as sodanig honereer en hanteer. Dit mag nie versekulariseer word tot 'n bloot intermenslike "gelyke-behandeling"-kreet nie.

4.2 "Geregtigheid" as die regte, die normale verhouding tot God en die naaste kán alleen IN CHRISTUS herstel word. Immers, dit beteken om eg, volkome na die wet van God te lewe. Dit kón en het alleen Jesus Christus volbring - en wel VIR wie in Hom glo.

4.3 Herskape deur Jesus Christus mag en móét die gelowige kinders van God weer in 'n genormaliseerde verhouding tot God en tot hul naaste lewe, in onbaatsugtige liefdesdiens teenoor mekaar!

Dít is Bybelse geregtigheid."

Samevattend kan reg in die algemeen dan beskryf word as die gedrag wat in ooreenstemming is met die wil van God, soos uitgedruk in Sy Wet. Die reg reël die verhouding hier op aarde tussen God en mens en mens en mens. Sodoende kry die reg gestalte in die wette of bindende reëls vir die menslike gedrag in sy persoonlike lewe en die samelewing.

Die wette of reëls - om die ware reg te kan vergestalt - moet die uitdruklike wil van God en wat daaruit afgelei kan word vir die persoonlike en/of gemeenskapslewe, omvat. In die wette word die wil van God dan gepositiveer uit die Woord van God, deur die wat deur Hom daartoe geroep is. Vir die staat is dit die owerheid, die huisgesin, die huisvader, ens.

(Literatuur: o.a. Mr. G.E. Langemeijer (1956): Inleiding tot de studie van de Wijsbegeerte des Rechts. Publick- en Privaat - recht No. 29.; J.D. v.d. Vyver: Juridiese Funksie van Staat en Kerk. Mr. D.P.D. Fabius 1890: Mozaïsch en Romeins Recht. Eene vergelykende rechtsstudie; G.P.L. v.d. Linde: Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel).

3. KERKREG

Uit die bespreking van die algemene regsbegrip het na vore gekom dat die reg in die verhouding Skepper - skepsel gewortel is. Die verhouding is egter deur die sonde versteur en die oorspronk=like begrip van wat reg is en daarmee die geregtigheid, het verdwyn.

Die reg word alleen weer geken kragtens die herskepping soos dit tans in die verbond na vore kom. Tewens, die herskeppingsdoel is juis om die reg van God te proklameer en te handhaaf - die heerskappy van God word weer erken en die mens onderwerp hom ook weer gewillig en met vreugde daaraan.

Hulle wat die heerskappy weer só erken is die nuwe mensheid in Christus - die Kerk. As daar dan sprake is van ʼn begrip van wat die ware reg is, kan dit uiteraard net in die kring van die nuwe mensheid - die kerk, gevind word. Die reg wat in die kerk moet geld is die reg van God. Die kerk is die vergadering van die burgers van die Koninkryk van die hemele en moet daarom saamgestel, ingerig en geregeer word ooreenkomstig die wil van God soos geopen=baar in die Heilige Skrif. Die kerkreg vorm so ʼn inherente deel van die prediking: "Bekeer julle want die Koninkryk van die hemele het naby gekom." Die kerk is dan ook veral t.o.v. die reg ʼn sout vir die aarde en ʼn lig vir die wêreld. (Vgl. Matth. 5:13 e.v.) Enersyds dien die kerkreg om die verminking van die regsbegrip deur die sonde duidelik aan te wys en andersyds bring dit die juiste regsbegrip na vore. Die Kerkreg roep as't ware uit: Kyk dit is reg en so moet volgens die reg in hierdie wêreld gehandel word en eenmaal sal hierdie geregtigheid op die nuwe aarde volkome wees. Wie hom nie aan God se reg onderwerp nie bedryf die onge=regtigheid: die verborgenheid van die ongeregtigheid (wetteloos=heid) is by hom reeds aan die werk (vgl. 2 Thess. 2:7). "Immers, van het kerkrecht is juist de grondslag, dat Gods Woord boven alles gaat. Het is zijn beginsel, dat alle ordening met dat Woord overeenstemme; en het is zijn eisch, dat er nooit berust worde in verloochening van dat Woord" (Rutgers 1894. p.21/2).

Die kerk, as vergadering van gelowiges, burgers van die koninkryk van die hemele en dus as ʼn vergestalting van die nuwe mensheid is

die vrug van die herskeppingswerk in Christus. Die kerk het in Hom ag gegee en gee ag op die roep tot bekering. Hulle dink nou anders: dink nie meer volgens die leuen van Satan dat hulle soos God is nie; en doen derhalwe ook anders: hulle vra na die wil van God; na wat reg is en jaag daarna om dit te doen (vgl. Filip=pense 3:8 e.v. veral vers 12). In hierdie bedeling - die tyd voor die wederkoms van Christus - is die kerk nog onvolmaak en woed ŉ felle stryd om die reg in die kerk te laat geld. Die slange saad byt die saad van die vrou steeds in die hakskeen. Tog, waar die reg in wesenlike sin in die wêreld vir die onreg gewyk het en waar daar nog ŉ vormreg is, dit as't ware net deur God teen wil en dank afgedwing word tot instandhouding van die mensheidslewe (vgl. die weerhouding van die wettelose in 2 Thess. 2), daar word die reg reeds, al is dit onder stryd en daarom gebrekkig, die geldende reg in die kerk.

Kerkreg het so ŉ eskatologiese strekking. Dit wys heen na die komende Ryk in sy volheid, waar alles weer ooreenkomstig die skeppingsdoel aan God onderworpe sal wees. Literatuur: F.L. Rutgers 1894: Het Kerkrecht inzoover het de kerk met het recht in verband brengt. Amsterdam; G.P.L. v.d. Linde: Die Koninkryk van God en die Kerkreg: In: Die Koninkryk van God. PU vir CHO; G.P.L. v.d. Linde 1978: Die betekenis van die verhouding tussen die Koninkryk van die hemele en die kerk in die kerkreg. PU vir CHO. ibid 1965. Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerk=regeringstelsel.

Kerkreg word vergestalt in die reëls vir die gedrag in die kerk. Die reëls word gevorm uit die beginsels wat die gedrag van die burgers van die koninkryk van die hemele bepaal in die Woord.

Om die reg vir sy kerk te vorm ooreenkomstig die Woord, gebruik Christus die diens van mense. Hy roep en bekwaam mense as be=dienaars van die Woord en ouderlinge om in sy naam uit die begin=sels wat Hy neergelê het in sy Woord die reg te vorm. Die kerk=raad in oorleg met ander kerkrade in meerdere vergaderings, stel die reëls vir die gedrag van die kerk op. Dit geskied in die Kerkorde.

Die Kerkorde is ŉ nadere konkretisering van die kerkreg en moet aansluit - net soos die kerkreg - by die wese van die kerk as die vergadering van die burgers van die koninkryk van die hemele.

Aan die kerk mag alleen as gedragsreëls voorgeskryf word wat die Koning van die kerk, Jesus Christus, voorskryf. Anders gesê, die kerkorde moet Skriftuurlik gefundeer wees; dit moet 'n organi= sasie daar stel wat ooreenkomstig die voorskrifte van Christus vir sy kerk is. Die burgers van die koninkryk mag hulle alleen aan die Koning van die Koninkryk onderwerp. (Literatuur: G.P.L. v.d. Linde, 1976. Die beoefening van die Kerkreg in die Gerefor= meerde Kerk in S.A. sedert 1859. In: In die Skriflig. No. 48. B. Spoelstra 1979. Diskussie: In: In die Skriflig. nr. 49).

Prof. Spoelstra meen ek vereenselwig kerkreg en kerkorde terwyl hy dit van mekaar onderskei. Ek glo nie dat dit 'n kwessie tussen ons is nie. Kerkorde en Kerkreg is idealiter te vereenselwig, want die K.O. behoort tog die voorgestalting van die Kerkreg te wees; die gepositiveerde Kerkreg. Hulle is ook te onderskei en veral dan wanneer die K.O. nie meer die gepositiveerde Kerkreg is nie; m.a.w. as dit afwyk van die Heilige Skrif. Selfs die bepalinge wat nie direk in die Skrif gegee is nie, maar tog aan= sluit by die wat wel direk gegee is, maak dit nog nie noodsaaklik om só 'n skeiding tussen kerkreg en K.O. te maak en te verklaar dat l.g. nie by die wese van die kerk behoort nie.

Die onderskeiding waarvan Prof. Spoelstra praat is noodsaaklik omdat in die K.O. sprake is van die uis constituendum en uis constitutum.

Die uis constituendum is die reg soos dit behoort te wees; soos Christus dit gegee het. "Het uis constituendum is de ideële opvatting van de regelen in de kerk gemaakt, gelijk ze de kerk voor ogen zweven en door de studie van het kerkrecht, het onderzoeken van de Heilige Schrift en de deductie uit de gevonden beginselen steeds helderder in het licht treden" (Bouwman 1928).

Die uis Constituendum wat in die K.O. gepositiveer is, behoort by die wese van die kerk - dit is ook prof. Spoelstra se standpunt.

Die uis constitutum is die reg soos dit gevorm is deur afleiding uit die beginsels van die Woord en in die vorming ook deur omstan= dighede van tyd en plek beïnvloed word. Hier kan wat lg. betref gedink word aan die K.O. wat Calvyn in Genéve en a'Lasco en Mieron in London opgestel het. Hoewel hulle noukeurig ag gegee het op

34/...

die onbetwisbare voorskrifte van Christus, moes hulle ook ag gee op die eise van die owerhede wat destyds dit as hulle onwrikbare reg beskou het om ook ŉ seggenskap in die kerkregering te hê. Die uis constitutum is dus as afgeleide reg altyd feilbaar en kan selfs onsuiwere elemente by wyse van kompromie bevat en is daarom altyd onderworpe aan veranderinge insoverre dit nie die voorskrifte vir die gedrag van die kerk suiwer weergee nie.

Dit is egter noodsaaklik dat daarop gelet word dat hoewel Calvyn e.a. en ook die Sinode van Dordrecht 1618/19 by wyse van toegewing aan die owerhede vreemde elemente in hulle K.O. opgeneem het, kan die toegewings nooit van so ŉ aard wees dat dit die wese van die kerk in gedrang bring nie. Sodra die uis constitutum die uis constituendum geheel kragteloos maak in ŉ K.O. dien dit net tot vervalsing van die kerk. So ŉ K.O. kan dan wel sorg vir ŉ pragtige gedaante van ŉ kerk, maar van binne is dit vol doodsbeen= dere. Dit was die geval met die Reglement van 1816 in Nederland en in baie opsigte ook met die Reglemente van 1824, 1842 en 1862 in S.A. Laasgenoemdes was veral t.o.v. onder andere die kerkbegrip, die ampsbegrip en die verbondsleer verantwoordelik vir die ontwik= keling van die valse kerkbegrip en die dwaalleer wat vandag die S.A.R.K. beheers en wat agter baie van die sektes skuil.

Vir die gereformeerde kerkregtelike kan die uis constitutum nooit iets anders wees as die gepositiveerde reg wat ŉ proses deurloop waarin altyd gepoog word om die uis constituendum (die ideële reg) te positiveer nie.

Die uis constitutum soos geformuleer in die K.O. het, of moet altyd die uis constituendum ten grondslag hê. As mensewerk kan en sal dit nooit volmaak wees nie en daarom kan ŉ Gereformeerde K.O. nooit in Roomse sin verhef word tot ŉ absolute wet nie. In die verband sê H. Bouwman 1928 tereg: "Wat de kerk vaststelt, is dus geen absolute wet, maar eene regeling, afgeleid uit het Woord van Christus, naar de behoeften van bijz ondere omstandigheden in be= paalde tijden."

Hierby moet egter altyd in gedagte gehou word dat insoverre die K.O. die uis constituendum - dit wat Christus duidelik in sy Woord voorgeskryf het (wat vir geen ander uitleg vatbaar is nie) - be=liggaam is dit 'n onveranderlike wet vir die kerk. So bv. is art. 3 van die K.O. van die Geref. Kerk in S.A. onveranderlik: "Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe geroep en toegelaat is nie." (Vgl. teen die agtergrond van Rom. 10:15 die hele O.T. roepingsgedagte by die profete (t.o. die valse profete) en die roeping van die twaalf as"vissers van mense" o.a. Matth. 4:19; 9:37, 38; 10:5 en 7; 28:19; Joh. 21:15-17; Hand. 1:1-8; 6:1-6; Hand. 20:28; Rom. 1:1; 1 Kor. 1:1; Gal. 1:1; Ef. 1:1 ens.).

Die uis constituendum geld vir alle tye en plekke; onder alle volke en omstandighede.

Die uis constitutum mag nooit teenoor die uis constituendum staan nie, maar moet dit beliggaam. Die uis constitutum soos vervat in die K.O. moet dus altyd weer aan die uis constituendum dit is aan die Heilige Skrif getoets word.

Die K.O. moet altyd by die wese van die kerk as vergadering van die gelowiges (die burgers van die koninkryk van die hemele) pas. Die K.O. moet die waarborg wees dat die gelowiges weet wat die wil van die Here is met betrekking tot hulle gedrag in hulle ver=gadering en roepingsvervulling in hierdie wêreld. M.a.w. die K.O. moet sorg vir die regte instit6uering, instandhouding en roepingsvervulling van die kerk. "Die kerkelijke orde staat zo in dienst van de geestelijke wasdom van de gemeente, zij is middel tot de opbouw van het lichaam van Christus" (W. van't Spijker, 1972). Hierdie voorskrifte wat by die wese van die kerk aansluit - die vorm van die kerk aan sy wese laat beantwoord; daaraan uitdruk=king gee - het, betrekking op die vergadering, beskerming, onder=houding en die roepingsvervulling van die kerk. Watter noodsaak=like voorskrifte in die verband gevind word in die Heilige Skrif en wat dus in die Kerkorde opgeneem moet word is in Art. 1 van die K.O. van die Geref. Kerk in S.A. opgesom. Voorskrifte oor die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en sere=

en die kerklike tug is nodig.

Uit die feit dat die kerkreg in die K.O. gestalte kry as die reëls (voorskrifte) vir die gemeenskap van die gelowiges, gevorm deur die geroepe dienskmegte van Christus uit die beginsels neergelê in die Woord van God, is dit duidelik dat die eksegese en dogma= tiek 'n beslissende rol in die beoefening van die kerkreg speel. Die kerkreg word beheers deur die Skrif en die belydenis. Die K.O. is 'n uitvloeisel uit die belydenisartikels XXX - XXXII en H.K. S. XXX vr. 82 en S. XXXI vr. 83-85. As uitvloeisel van die belydenis en as weergawe van die voorskrifte van Christus deur sy Gees en Woord, hoort die opstel en veranderinge van of toevoeginge tot die K.O. ook tot die bevoegdheid van die Algemene Sinode - Alle kerke werk saam om die bedoeling van Christus met die oog op die regering van sy kerk vas tes tel.

Literatuur: H. Bouwman. 1921. Gereformeerd Kerkrecht I; J. Hovius 1962: Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerk orde. Sneek. J.P. Jooste 1967: Inleiding tot die Studie van die Kerkreg (Diktaat Pro Rege). W. van't Spijker 1972. Goddelijk recht en kerkelijke orde by Martin Bucer, Apeldoornse Studies, Kampen, Calvyn. Institusie, Boek IV., G.P.L. van der Linde 1965: Grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel, 1969: Die Koninkryk van God en die Kerkreg: in Die Konin= kryk van God. Eeufeesuitgawe Teol. Skool. pp. 215 e.v.

Tot dusver het ons deurgaans van die Kerkorde gepraat. Die Kerkorde is die gepositiveerde kerkreg. Waarom praat ons in die geval van die Kerkreg nie soos in die geval van die algemene reg ook van wet: Kerkwet nie?
Negatief is die antwoord dat die spreekwyse nie voortvloei uit 'n wesensverskil tussen die gepositiveerde algemene reg en die ge= positiveerde kerkreg nie. Beide is wet.

Die keuse het op K.Orde geval omdat die wet van Christus wat in die kerk geld in die Skrif orde genoem word (1 Kor. 14:40). "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan".

Die wortelbetekenis van 'euschêmoon' en 'taksin' dui op die wet wat vasgestel is vir die kerk. Alles gaan in die kerk fatsoen= lik, ordelik wanneer die gedrag in ooreenstemming met die voorskrifte

wat vir die kerk geld, is. D.i. ooreenkomstig die voorskrifte van Christus. Dit sluit aan by vers 35: "want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede ..." Waar die sonde heers, daar is wanorde, chaos (dink aan die wetteloosheid), maar waar God heers is vrede: d.w.s. wie met God versoen is deur Jesus Christus gedra hulle teenoor Hom en mekaar reg, gevolglik het hulle vrede: met Hom (vgl. Rom. 5:1) en met mekaar. Die orde d.w.s. die toestand wat ontstaan in die kerk deur die gedrag ooreenkomstig die wet van Christus, is die vrug van vrede. In die ordebegrip lê dus hier baie meer as 'n aanduiding dat alles glad verloop. Dit dui daarop dat alles glad verloop omdat sake ooreenkomstig die wil van God gaan - omdat die mens met God versoen is. Die vrug van die versoening is vrede - vrede met God en onder mekaar. In die ordebegrip lê sowel 'n soteriologiese as 'n eskatologiese trek - dit gryp na die vrede as vrug van die versoening wat alle verstand te bowe gaan, wat oor die herskape mens en wêreld by die wederkoms van Christus daal. In die kerk word die wet nie net gehoorsaam omdat dit wet (= die voorskrif van die bevoegde owerheid wat dit ook kan afdwing) is nie. Die kerkwet word nie gehoorsaam bloot omdat dit wet is nie, maar omdat dit wet van Christus en daarom die ware vergestalting van die reg is en omdat die wedergebore mens daarna smag om die reg te doen; dit is vir hom die lewe: die vrede! (vgl. Ps. 1:1 en 2; 119:1-8; 119:40; 88; 93; 174 en 175).

Die begrip wet is veral sodert die Agtiende eeu vereng deur die rasionalistiese regspositiwisme om aan te dui dat gehoorsaamheid bloot op formele gronde vereis word. Die wet het gebiedende en bindende krag bloot omdat dit daar is; omdat dit afgekondig is deur 'n formele, deur die mens erkende regsvormende liggaam. Volgens Jansen 1917, is dit die belangrikste rede waarom daar van Kerkorde en nie kerkwet gespreek word nie. Die kerkwet het immers alleen reg op gehoorsaamheid as dit gegrond is op Godswoord. Om dus die moontlike regspositivistiese opvatting te vermy word liefs gespreek van Kerkorde. Die begrip Kerkorde laat dus nie die opvatting toe wat hier en daar na vore kom in gereformeerde kringe, dat 'n kerkwet dan bindend en 'n Kerkorde nie bindend sou wees nie. Dat sy verre! Wat jy die voorskrifte vir die gedrag van die kerk ookal noem: Kerkwet of Kerkorde, dit bly ewe bindend.

Die begrip Kerkorde benadruk tewens die binding daaraan: dit is immers voorskrifte van die Here Christus wat nooit geminag kan word nie. Die begrip Kerkorde omvat die begrip wet, maar veel meer: dit dui op die heerlikheid van die herskape mens in sy vrymoedigheid voor God en daarom op die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

(Literatuur: Joh. Jansen 1917. Van de Diensten. Nyverdal. G.C.P. v.d. Vyver: Diktaat 1971-75).

## 4. KERKREGERING

Kerkregering of kubernetiek is die vrug van die kerkreg in die sin dat die reg soos gepositiveer (geformuleer en saamgevat) uit die beginsels wat in die Skrif gegee is, in die praktyk toegepas word. Die reg is gepositiveer om toegepas te word.

Kerkregering of kubernetiek is dan die wetenskap wat beskryf hoe die kerkreg, dit is die voorskrifte van Christus soos dit in die K.O. geformuleer is met die oog op die institituering,instandhouding en roepingsvervulling van die kerk as liggaam van Christus, prakties toegepas word.

Die doel van die vak (kubernetiek) is om die beste manier waarop die kerk regeer kan word deur dié wat daarvoor geroep is, aan te wys. Die teorie van die kerkregeerkuns moet uitgewerk word.

Die teorie moet ook weer aansluit by die wese van die kerk. Hoe=wel dit nie geskei kan word van die teorie van die regeerkuns in die algemeen nie, moet dit tog ook weer daarvan onderskei word. A. Kuyper sê die kubernetiek is ŉ opsigselfstaande vak wat tuishoort onder die diakonologiese groep van vakke (Encyclopaedie ...). Dat dit by die diakonologiese groep van vakke tuishoort is seker nie ŉ uitgemaakte saak nie - in die eksegese, dogmatiek en elke Teologiese vak word tog dienswerk verrig tot opbouing van die liggaam van Christus! Kerkregering behoort logies by die ekklesiologie en daarom by die kerkreg. Ook die beoefening van die kerkreg assodanig is dienswerk net soos die praktiese toepassing daarvan! Die kuber=

netiek vorm wel ŉ selfstandige onderdeel van die kerkreg, maar ook in die praktiese toepassing bly ons besig met die kerkreg.

In die kubernetiek moet altyd voorop staan dat daar nie oor die erfdeel van die Here geheers mag word nie (1 Petr. 5:2 e.v.) Die Heilige Gees gee die gesindheid wat die kerkregeerders moet beheers in II Kor. 1:24 kernagtig weer in die woorde van Paulus: "nie dat ons heers oor julle geloof nie, maar ons is medewerkers aan julle blydskap ...".

Die kerkregeerders moet dien (vgl. Lukas 22:26). Hulle moet Christus en die kerk (gemeente) dien. Hierdie diens moet in <u>opregtheid</u> geskied. (vgl. 2 Kor. 4:2 "... en ons wandel nie in listigheid of vervals nie die Woord van God nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring ...")

Die kerkregeerders mag dus nie hulle eie eer soek nie; geen dwang uitoefen nie, hulle is herders (Hand. 20:28) wat met woord en daad moet lei en oorreed.

Daar word ook besondere aanwysings vir die kerkregeerders in die Skrif aangetref.

Die kerkregeerders mag die bediening nie beklad nie - hulle moet self ŉ voorbeeld wees as diegene wat aan die Here behoort. (vgl. 2 Kor. 6:3 ) en nie op hulle self staatmaak nie (2 Kor. 3:5 en 6) terwyl hulle die Woord reg gebruik ( 2 Tim. 2:15) en onsinnige praatjies vermy.

Wanneer ŉ sondaar bestraf word moet gelet word op die reaksie. As daar berou en bekering is, het die tug sy doel bereik en moet die sondaar vergewe en vertroos word. "dat so iemand nie miskien deur al te groot droefheid verteer word nie" (2 Kor. 2:5). ŉ Bejaarde moet nie hard bestraf word nie ( 1 Tim. 5:1). Dit is dus belangrik met <u>wie</u> die kerkregeerder te doen het - nie om die persoon aan te sien nie, maar wel om reg teenoor hom op te tree.

Teen ŉ ouderling moet nie ŉ klag aanvaar word, behalwe op die getuienis van twee of drie" (1 Tim. 5:19) nie. Daar moet versigtig

40/ ..

te werk gegaan en nie op skinderstories gehandel word nie. Twis moet vermy word deur strydvrae af te wys. In vriendelikheid moet die kerkregeerders die gemeente onderrig en hulle moet die kwaad wat hulle aangedoen word kan verdra (vgl. 2 Tim. 2:23, 24, 25).

Op institutêre vlak moet die kerkregeerders o.a. weet hoedat ver= gaderinge gekonstitueer moet word; wat die pligte van die verskil= lende vergaderinge is, ens. (Hierdie deel word meer in besonder ge= durende die 4de jaar behandel).

Uit bostaande voorbeelde is dit duidelik dat die toepassing van die voorskrifte van Christus in die kerk besondere eise stel. Kerkregering is 'n kuns; 'n heilige kuns. "Het voorzitterschap bv. in kerkelijke vergaderingen hang eensdeels af van de daarvoor ge= maakte bepalingen, maar toch voor een nog groter deel van de praesidiale kunst, en van het talent dat de tot het voorzitterschap geroepene ten deze bezit..." (Encyclopaedie Der Heilige Godgeleerd= heid II p.531).

Die feit maak dit so noodsaaklik dat by die verkiesing van ouderlinge en die roeping en toelating van predikante, noukeurig gelet word op die eise wat Christus stel waaraan sulke persone moet beantwoord (vgl. 1 Tim. 3). Die kerkregeerders - ouderlinge en predikante (vgl. K.O. art. 37) - moet wysheid besit; daarom moet hulle altyd om wysheid bid (Jak 1). Sonder die wysheid wat uit God die Heilige Gees is, is dit onmoontlik om die reg van Christus in sy kerk te laat gedy. Selfs met die allerbeste en suiwerste kerkorde in die hand kan die dwaas die kerk van die Here verwoes. Menslike tiranie bly altyd 'n gevaar. Dit het die Fariseërs in die O.T. Kerk gedoen; daarteen moet ons waak deur te onthou dat ons ook in die kerkregering net bedienaars van die Goddelike Woord bly. Ons is self niks nie en ons moet bid dat Hy sy geregtigheid in die kerk moet laat woon soos dit eenmaal op die nuwe aarde sal woon.

41/...